



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN

NOVEMBER 2022

GRAAD 9

**EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE:
FINANSIËLE GELETTERDHEID**

(VRAESTEL 1)

TYD: 1 uur

PUNTE: 70

7 bladsye

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Hierdie vraestel bestaan uit Afdelings A, B en C (Finansiële Geletterdheidsonderwerpe) en is gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-wysigingsdokument en HJOP.

AFDELING A: KORT VRAE

VRAAG 1.1:	Meervoudigekeuse-vrae	(5)
VRAAG 1.2:	Voltooi die sinne	(5)
VRAAG 1.3:	Pas Items	(5)
		[15]

AFDELING B: JOERNALE, REKENINGKUNDIGE VERGELYKING EN DEBITEUREGROOTBOEK

VRAAG 2:	Rekeningkundige Vergelyking	(11)
VRAAG 3:	Joernale en Debiteuregrootboek	(17)
		[28]

AFDELING C: ALGEMENE GROOTBOEK EN PROEFBALANS

VRAAG 4:	Algemene Grootboek	(18)
VRAAG 5:	Proefbalans	(9)
		[27]

1. Al die vrae is verpligtend.
2. Antwoord al die vrae in die ANTWOORDBOEK wat verskaf is.
3. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.1.6 E.

- 1.1.1 Die lewe het verander en so ook die manier waarop mense kies om vir goedere en dienste te betaal. Watter van die volgende is die maklikste en mees algemeenste betaalmetode?
- A Kontant
 B EFO
 C Tjek
 D Promesse (1)
- 1.1.2 Oorboeking na die grootboeke is die vierde stap in die ...
- A rekeningkundige siklus.
 B rekeningkundige vergelyking.
 C finansiële jaar.
 D Algemene Grootboek. (1)
- 1.1.3 Die _____ Rekening verskaf 'n opsomming van die totale bedrag verskuldig deur kliënte aan wie goedere op krediet verkoop is.
- A Handelsvoorraad
 B Verkope
 C Krediteurekontrole
 D Debiteurekontrole (1)
- 1.1.4 Alle transaksies beïnvloed meer as een rekening in die Algemene Grootboek. Dit word na verwys as die ... beginsel.
- A geldmark
 B dubbel-inskrywings
 C hulpjoernale
 D rekeningkundige siklus (1)
- 1.1.5 Besighede neem risiko's deur goedere op krediet te verkoop. Wat is die grootste risiko wat hulle neem?
- A Goedere sal vergaan.
 B Debiteure kan dalk nie betaal nie.
 C Die besigheid sal dalk nie genoeg geld hê om voorraad in die toekoms aan te koop nie.
 D Geen kontant in die besigheid. (1)

[5]

1.2 VOLTOOI DIE SINNE

Gebruik die woorde in die blokkie (woordbank) hieronder om die volgende sinne te voltooi. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.2.6 telefoon.

bates; afslag; faktuur; krediet; bank; Hulpjoernaal; Algemene Grootboek; Ontleding van Ontvangste; transaksie; Proefbalans; kwitansie; debiet

- 1.2.1 Alle gelde wat deur die besigheid ontvang en betaal word, word deur die besigheid se _____ rekening gedoen. (1)
- 1.2.2 _____ is 'n motivering vir debiteure om hul skuld betyds te betaal of te delg. (1)
- 1.2.3 'n Betaling aan 'n krediteur sal laste verminder aan die _____ kant. (1)
- 1.2.4 Die brondokument wat aan 'n kliënt uitgereik word wanneer goedere op krediet gekoop word, word 'n _____ genoem. (1)
- 1.2.5 Alle besittings van die besigheid wat gebruik word om inkomste te genereer staan bekend as _____. (1)
- [5]**

1.3 PAS ITEMS

Kies 'n term in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A – F) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer, bv. 1.3.6 G.

KOLOM A	KOLOM B
1.3.1 Verskaffers van wie die besigheid goedere op krediet koop.	A Onttrekkings
1.3.2 Goedere wat aan die besigheid behoort en deur die eienaar geneem word vir persoonlike gebruik.	B Krediteur
1.3.3 Die hoofdoel om 'n besigheid te begin.	C Handelsvoorraad
1.3.4 Beskerm die kliënt in die kredietmark en maak krediet- en bankdienste meer toeganklik.	D Kapitaal
1.3.5 Die geld wat die eienaar in die besigheid belê.	E NKW
	F Wins maak

[5]

TOTAAL AFDELING A: 15

**AFDELING B: JOERNALE, REKENINGKUNDIGE VERGELYKING EN
DEBITEUREGROOTBOEK**

VRAAG 2: REKENINGKUNDIGE VERGELYKING

Ontleed die volgende transaksies en dui die effek aan wat elkeen op die rekeningkundige vergelyking het.

No.	Transaksie
bv.	Betaal salarisse via EFO, R10 000.
6	Kantoortoerusting ter waarde van R5 000 aangekoop van Ndaba en betaal d.m.v. die banktoepassing op die besigheid se selfoon.
12	Goedere ter waarde van R6 000 met 'n winsopslag van 30% is op krediet aan R. Ross verkoop.

[11]

VRAAG 3: JOERNALE EN DEBITEUREGROOTBOEK

Gebruik die transaksies hieronder om die volgende vir Founders Handelaars voor te berei, vir die maand geëindig Oktober 2022.

VEREISTES:

- 3.1 Kontantontvangstejoernaal vir die maand geëindig Oktober 2022 (5)
- 3.2 Kontantbetalingsjoernaal vir die maand geëindig Oktober 2022 (3)
- 3.3 Debiteurejoernaal vir die maand geëindig Oktober 2022 (3)
- 3.4 Krediteurejoernaal vir die maand geëindig Oktober 2022 (2)
- 3.5 Debiteure Grootboek van P. Naidoo (4)

TRANSAKSIES

- 3 Die besigheid is in finansiële nood, en die eienaar, Mnr Parker, kan nie toegang tot 'n bank kry nie weens openbare vakansiedae en banke wat gesluit is. Hy het R20 000 van sy persoonlike rekening na die besigheidsrekening oorgeplaas as 'n belegging in die besigheid. R5 000 van die oordrag is gebruik om B. Frances, 'n krediteur, te betaal.
- 6 Ontvang Faktuur 20 van Mawela Handelaars vir handelsvoorraad wat vir R2 500 by hom gekoop is.
Op dieselfde dag word Faktuur 6 aan P. Naidoo uitgereik vir handelsvoorraad wat vir R3 000 aan hom verkoop is.
- 17 Ontvang 'n kennisgewing van die bank, dat R1 500 ontvang is van P. Naidoo as gedeeltelike betaling van sy rekening.

[17]

TOTAAL AFDELING B: 28

AFDELING C: ALGEMENE GROOTBOEK EN PROEFBALANS

VRAAG 4: ALGEMENE GROOTBOEK

Die volgende rekords is op 30 Junie 2022 uit die boeke van Emma Winkels verkry.

VEREISTES:

4.1 Gebruik die inligting hieronder om die volgende Algemene Grootboek rekeninge te voltooi:

- 4.1.1 Bank (beginsaldo) R10 000 (Dt) (5)
- 4.1.2 Handelsvoorraad (beginsaldo) R50 000 (9)
- 4.1.3 Verkope (4)

Kolomtotale in die hulpjoernale op 30 Junie 2022.

Kontantbetalingsjoernaal van Emma Winkels - Junie 2022

KOJ1

Bank	Verkope	Koste van Verkope	Debiteurekontrole	Diverse Rekeninge
R88 500	R65 000	R39 000	R17 000	R6 500

Kontantbetalingsjoernaal van Emma Winkels – Junie 2022

KBJ1

Bank	Handelsvoorraad	Lone	Krediteurekontrole	Skryfbehoeftes	Diverse Rekeninge
R50 200	R6 200	R3 400	R23 400	R650	R16 550

Debiteurejoernaal van Emma Winkels – Junie 2022

DJ1

Verkope	Koste van Verkope
R15 000	R9 000

Krediteurejoernaal van Emma Winkels – Junie 2022

KJ1

Krediteurekontrole	Handelsvoorraad	Toerusting	Skryfbehoeftes	Diverse Rekeninge
R30 680	R18 400	R9 400	R1 280	R1 600

[18]

VRAAG 5: PROEFBALANS

'n Onervare boekhouer het die volgende Proefbalans voorberei. Die eienaar is bekommerd aangesien foute ontdek is.

(Wenk: Sommige rekeninge is in die verkeerde afdeling aangeteken en sommige bedrae aan die verkeerde kant.)



INSTRUKSIES:

5.1 Stel die korrekte proefbalans saam in jou ANTWOORDBOEK. (7)

5.2 Bereken die ontbrekende bedrae wat by **A** en **B** aangedui word. (2)

Proefbalans van Lion's Den vir November 2022

	Debiet	Krediet
BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING		
Kapitaal		A
Onttrekkings		4 160
Grond en Geboue	192 000	
Voertuie	134 000	
Handelsvoorraad		18 300
Water en Elektrisiteit		14 000
Krediteurekontrole		19 600
Koste van Verkope		70 000
NOMINALE REKENINGE AFDELING		
Debiteurekontrole	6 420	
Bank (Dt)	26 180	
Verkope	220 000	
Huurinkomste		35 000
Skryfbehoeftes	4 540	
Salarisse	40 000	
	509 600	B

[9]

TOTAAL AFDELING C: 27

TOTAAL: 70

EINDE